Hoe ver kan jy sien?

Wanneer die Messias kom, kom Hy sy koninkryk op die aarde vestig. Wanneer Hy hier aankom, gaan Hy egter 'n ander koninkryk hier vind wat Hom vyandig is. 'n Koninkryk wat Hom nou reeds vyandig is. Ons leef in hierdie koninkryk en sommige van ons is kinders van hierdie koninkryk en sommige van ons is kinders van die koninkryk wat kom. Hierdie twee koninkryke is reeds vir duisende jare vyande, omdat die konings van hierdie twee koninkryke 'n verlede het wat in vyandskap uitgedraai het. God en die Satan

Omdat die koning van hierdie koninkryk weet dat die Koning van die hemelse koninkryk op pad is, maak hy hom en sy koninkryk gereed vir die ontmoeting met die komende Koning. Hierdie huidige aardse koninkryk is gebou op drie pilare en word letterlik verteenwoordig deur drie aardse stede. **Die Vatikaanstad in Rome**, **City of Londen in Londen** en **Washington DC in Washington**.

Wat hierdie stede uniek maak, is dat dit nie stede is nie, maar onafhanklike entiteite binne in ander stede en lande. Hulle is nie onderworpe aan enige land se wette nie.

Al drie hierdie stede verteenwoordig 'n pilaar van die koninkryk van hierdie koninkryk. Hierdie verteenwoordiging is egter nie net simbolies nie, maar dit is van waar af daardie spesifieke pilaar bedryf word.

1. Die Vatikaanstad se oorsprong is direk uit die Romeinse Ryk en verteenwoordig die pilaar van godsdiens en alle aspekte wat daarmee gepaard gaan. Die hoof van die pilaar is die Christelike kerk met die Pous en sy kollegas aan die bestuur. Nie net Christelike kerke het hulle samewerking aan die Vatikaan gegee nie, maar ook alle ander groot gelowe. Uit die Vatikaan uit, na menigte kerke, sinagoges, tempels, universiteite, skole en ander instansies word die ideologie van die koning van hierdie koninkryk uitgedra. **Hierdie pilaar is die eerste dier** wat Johannes uit die see sien opkom het en in Openbaring[Openbaring 13: 1 – 8] beskryf. Dit is nie iets wat nog in die toekoms gaan gebeur nie, maar bestaan reeds van die begin van die Romeinse kerk af.
2. Washington DC is nie dieselfde as Washington nie, maar dit is net 'n gedeelte binne in die groter stad, DC (District of Colombia) was egter die oorspronklike deel van tien vierkante myl. Hierdie stad is uniek deurdat dit beplan was as 'n basis van waar beheer uitgeoefen word, nie net oor die VSA nie, maar oor die hele wêreld, soos dit vandag ook gedoen word. Die hoof van hierdie pilaar is nie die VSA se parlement nie, maar mense wat agter die skerms optree en hulle beheer laat geskied deur die VSA se parlement. Die hele verkiesingsmetode van die VSA parlement is so beplan, dat hulle lakeie die werklike heersers se opdragte kan uitvoer. **Hierdie pilaar is die tweede dier wat uit die aarde uit kom.**[Openbaring 13: 11 - 18]
3. City of Londen is weereens nie die hele stad Londen nie, maar die oorspronklike Londen wat kom uit die dae van die Romeinse Ryk. City of Londen is 'n land op sy eie, ook nie 'n demokrasie nie, maar 'n korporasie met 'n raad wat die besluite neem waarvan die hoof die burgermeester is. Vanuit hierdie stad word alle geld in die wêreld beheer en alle finansiële stelsels word hier bepaal en uitgevoer. Alle groot korporasies, maatskappye en banke se hoofkantore is in City of Londen. **Die finansiële geldstelsel is die derde pilaar** waarop hierdie wêreld se koninkryk staan en **City of Londen is die hoer van Babilon** waarvan in Openbaring[Openbaring 17: 1 – 8] gepraat word.

Op hierdie drie pilare bou die Bose sy koninkryk en elke groot gebeurtenis in die wêreld word beplan, geïmplementeer en beïnvloed deur hierdie drie. Die piramide-model is die bestuursmetodes van hierdie koninkryk, en soos wat dit uitgebeeld word op die een dollar noot van die VSA, is die top-

bestuur van die piramide, die alsiende oog. Die bestuur word van bo af na onder geplaas en hoe verder iemand na onder in die piramide is, hoe minder kennis en insig het hy van die orde van hierdie koninkryk.

In die hiërargie, op verskillende vlakke, is owerhede en magte en wêreldheersers wat vir hierdie teenswoordige koninkryk ywer. Hoe verder hulle na onder is, hoe minder ingelig is hulle oor die hiërargie. Selfs presidente van lande kan laag onder aan die piramide wees en geen insig hê in wat werklik in die wêreld gebeur nie.

Soms is daar mense wat bewus word dat hulle vasgevang is in 'n stelsel en begin dan ondersoek en waarneem wat om hulle en veral bokant hulle, gebeur. Mense word byvoorbeeld bewus dat die hele Corona virus pandemie nie werklik 'n pandemie was nie, maar deel van 'n groter plan. (Hierdie plan is om die hele wêreld se bevolking te onderwerp aan 'n een-wêreld-regering.) Dan sien hulle dat dit uitgevoer was deur 'n mediese adviseur van die president en dan sien hulle verder dat hy nie die inisiatief was nie, maar dat daar 'n organisasie was wat hom gebruik het en so vorder hulle hoër die piramide van orde op.

Wanneer iemand eers bewus word van hierdie gebeure, soek hy hoër op in die piramide en sien dalk die beplande oorlog in die Okraïne en die vuur in Maui in Hawaii, maar iewers gedurende die opgang in die piramide, stop die meeste mense by 'n gebeurtenis of 'n persoon en kan nie glo dat dit ook deel van die piramide is nie. Op die oomblik is so 'n gebeurtenis die konflik tussen die Palestyne en die Israelies. Meeste oplettende mense wat hierdie bedekte bedrog ontbloot, is egter nie in staat om te sien dat hierdie ook net nog 'n beplande gebeurtenis van bo uit die piramide is nie. Heel bo aan die piramide is die Satan wat die hele wêreld onder sy gesag wil hê, hy wil aanbid word.

Indien hierdie mense egter sou kon voortgaan, sal hulle natuurlik tot bo aan die piramide kom en daar die koning van hierdie koninkryk kry. Hy is die een wat vir Christus gesê het dat hy aan Hom al die koninkryke van die wêreld sal gee, want aan hom was dit gegee en hy gee dit aan wie hy wil.[*Lukas 4: 5-7*] Hierdie koning is egter nie 'n mens nie, maar 'n hemelwese wat in rebellie teen God staan. Hy het hierdie piramide-orde deur duisende jare tot stand gebring met net een doel, om die Skepper te beveg. Al die gebeure in die wêreld wat ons vandag sien, is maar net die toutjies wat hy trek

Dit is egter nie so belangrik om te weet wat alles in hierdie piramide-koninkryk aangaan nie, maar dit is baie belangrik om te weet dat dit die koninkryk van hierdie wêreld is en dat ons in dit gebore word en dat ons dit daarom as normaal beskou. Hierdie koninkryk is egter in vyandskap met die komende koninkryk van God.

Omdat ons in hierdie koninkryk gebore word, en daarom ywer vir hierdie koninkryk, is ons van geboorte af in vyandskap met God. Dit is nie God se toedoen nie, maar die gevolg van die sonde.

God se koninkryk is in vyandskap met die koninkryk van hierdie wêreld en as ons nie ons burgerskap verander van hierdie koninkryk na sy koninkryk nie, is ons vyande van God. Ons moet ons ou lewe afsterf en weer gebore word in Yahshua en in sy koninkryk. Iemand wat 'n vriend van die wêreld is, is 'n vyand van God.[*Jakobus 4: 4*] Deur die drie pilare waarop hierdie koninkryk staan, word alle mense beïnvloed en beheer dat hulle in vyandskap teen hulle eie God staan en dit nie weet nie. Dit is waarom ons deur Christus self gewaarsku word dat ons nie mislei moet word nie[*Matthéüs 24: 3-14*], maar niemand neem dit ernstig op nie en leef in goedertrou.

Die koning van hierdie wêreld werk met 'n plan en het 'n doelwit, daarom is daar vooruitgang in sy koninkryk. Hy weet dat Yahshua vir 'n tweede keer aarde toe kom en hierdie keer kom Hy nie as vernederde Mens nie, maar as verheerlikte Mens wat sy wraak op die bewoners van die aarde gaan

uitstort, sy vyande onderwerp en die heerskappy van die aarde gaan oorneem.[Openbaring 6 en 7] Hy gaan sy eie koninkryk vestig en die koninkryk van die Satan vernietig. Dit is die beeld van Daniël waar die klip wat sonder die toedoen van mensehand die beeld op sy voete tref en dit vernietig tot stof wat deur die wind verwaai word.[Daniël 2: 31-45]

Omdat die Satan bewus is dat dit gaan gebeur, maak hy homself gereed om Yahshua te ontmoet en sy heerskappy te weerstaan. Ons as mense sal dink dit is tog onmoontlik om teen die Almagtige oorlog te voer, hoekom probeer hy nog, maar ons doen dieselfde. God sê sekere dinge aan ons in sy Woord en dan tree ons nog steeds anders op, dit is net hoe ons is en dit is hoe die Satan is. Hy het net een hoop en dit is om Yahshua wéér dood te laat maak, soos wat met sy eerste koms gebeur het.

Wanneer die Satan hierdie koninkryk van hom tot 'n hoogtepunt gedryf het, waar die mense nie meer sal kan koop en verkoop sonder dat hulle nie toestemming gekry het van sy piramide-organisasie nie, dan gaan die Koning kom om daardie getroues te verlos en al sy vyande onder sy voete te werp.

Soos wat dit nou reeds in China gebeur, gaan dit in die res van die wêreld ook wees, alle mense gaan 'n "social credit score" kry op grond van hulle gehoorsaamheid aan die piramide-stelsel en totaal uitgelewer wees aan die gesag van heel bo uit die piramide. Ons sien dit elke dag vorder, kyk na die WEF, die "fact chekking" die WOKE, die "cancel culture" en ander voorbeelde.

Die profete sê ons sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë, maar dan is dit nog nie die einde nie, dan gaan die volgelinge van die Lam eers vervolg word. Hulle sal in die gevangenis gewerp word en in die sinagoges gegesel word, en daarna sal die einde kom.[Mattheüs 24]

Soos die weerlig uitslaan van die ooste tot die weste, so sal die koms van die Koning van die hemelse koninkryk wees. Dit gaan 'n baie groot verskyning wees en meeste mense sal geen begrip hê van wat aan die gebeur is nie. Hollywood het mense reeds jare lank beïnvloed om dan aan te neem dat dit "aliens" is wat uit die ruimte kom om die aarde aan te val. Groot vrees sal alle mense oorval en hulle gaan skuiling neem in die gate en die rotse van die aarde en uitroep dat die berge op hulle moet val, want hulle is in absolute vrees vir Hom wat op die wolke verskyn het .[Openbaring 6: 12-17]

Met sy koms sal die mense, wat hulle lewe lank die Lam gevolg het waar Hy ook al heengaan, deur Hom in die lug weggevoer word, Hom tegemoet.[1 Thessalonicense 4: 13-17] Hierna gaan Hy hulle nie wegneem iewers anders nie, maar Hy is op pad na die aarde toe en hulle gaan Hom net tegemoet en kom dan saam met Hom terug aarde toe. Die gelowige volgelinge van die Lam wat reeds dood is met sy koms, gaan dan in 'n oomblik uit die dood uit opstaan en saam met die ander gelowiges Hom tegemoet.

Deur die laaste twee duisend jaar is daar baie gevegte gewees oor die eienaarskap van Jerusalem, maar Jerusalem behoort aan die Koning uit die hemel, want Hy is die Seun van koning Dawid en Dawid het uit Jerusalem regeer. Yahshua gaan sit op die troon van sy vader Dawid en saam met Hom gaan almal wees wat aan Hom behoort by sy koms.[Jesaja 11]

Wanneer Yahshua Jerusalem oorneem, is dit nie die einde van sy oorname nie, maar net die begin. Hierdie oorname-proses gaan moontlik 'n paar jaar neem, want sodra die mense van die wêreld se koninkryk, oor hulle skok is, sal hulle weer uit die gate en skeure in die rotse uitkruip en letterlik teruggaan werk toe. Almal sal praat van die groot gebeure en daar sal reeds groot skade deur sy koms plaasgevind het, maar dan lyk alles weer of dit terug na normaal is.

Intussen begin Yahshua met sy oorname van die koninkryk van die wêreld, hoewel die bewoners van die wêreld nog steeds geen idee het wie Hy is nie en hulle beplan om van Hom ontslae te raak. Onthou dat Hy vir sy dissipels gesê het: soos julle my sien weggaan, so sal julle my sien

terugkom.[Handelinge 1: 9-11] Dit is ‘n aanduiding van sy Menswees. Met sy eerste koms was Hy hier op die aarde as Seun van die mens in ‘n liggaam soos die mense. Toe Hy opgevaar het was Hy nog steeds Mens met ‘n liggaam, maar net ‘n verheerlikte liggaam. Wanneer Hy terugkom, kom Hy met dieselfde liggaam as wat hulle Hom sien weggaan het, daarom gaan die bewoners van die aarde Hom aansien as net nog ‘n mens, soos wat dit was met sy eerste koms.

Met Yahshua se eerste koms het Hy Homself verneder sodat die mense Hom kon doodmaak, sodat Hy vir ons sondes kon sterf, daarom het Hy gesê dat Hy nie gekom het om te oordeel nie, maar om te red. Wanneer Hy egter weer kom, gaan dit nie weer wees om te red nie, maar hierdie keer om te oordeel, dan is die genadetyd verby en Hy kom in grimmigheid sy oordele oor die aarde uitstort. Dit stem geensins ooreen met die “liewe Jesus beeld” wat meeste Christene van Hom het nie.

Saam met Hom kom sy engele wat Hy dan gaan uitstuur oor die aarde om sy plae uit te giet op die bewoners van die aarde. Die mense wat aan Hom behoort het by sy wederkoms, is beskut teen hierdie plae deurdat hulle liggame verheerlik geword het toe hulle Yahshua in die lug tegemoet gegaan het. Die res van die bewoners van die aarde is egter uitgelewer aan sy wraak.

Die eerste plaag wat oor die aarde uitgegiet gaan word, is hael gemeng met vuur wat die natuur beskadig.[Openbaring 8:7] Hierdie is nie denkbeeldige gebeure nie, maar letterlik. ‘n Derde van die bome en ‘n derde van die gras gaan verbrand. Daar gaan ook bose swere aan die mense kom wat die dier en sy beeld aanbid het. Die Bybel gee nie ‘n aanduiding van hoe lank hierdie plaag oor die aarde uitgegiet gaan word nie. Dit kan ‘n paar dae, weke of maande wees.

Die tweede plaag wat uitgegooi gaan word, is op die see. Iets soos ‘n groot berg wat brand word in die see gegooi en dit maak dat ‘n derde van die diere in die see vrek en ‘n derde van die skepe op die see vergaan.[Openbaring 8:8] Weereens weet ons nie hoe lank die tydperk gaan wees nie, maar die mense wat bote op die see het, gaan beslis probleme ervaar.

Die derde plaag is wanneer Yahshua al die varswaterriviere en ander bronne gaan vernietig en besoedel omdat Hy wraak uitoefen op die bewoners van die aarde deur ‘n ster uit die hemel te laat val op die vars water.[Openbaring 8:10] Mense gaan hulle waterkrane oopdraai en daar gaan nie water wees nie, want die dam is leeg, of die water wat wel uitkom, gaan ondrinkbaar wees, bitter.

Dis belangrik om te weet dat die mense wat hulle voor die wederkoms tot Yahshua bekeer, nie onderworpe gaan wees aan hierdie plae nie.[Openbaring 7: 2-3] Dis ook belangrik om te weet dat mense wat hulle nié voor die wederkoms bekeer het nie, daarna nie ‘n geleentheid gaan hê vir bekering nie.

Die mense wat altyd bely het dat daar nie ‘n God is nie, is skielik uitgelewer aan die geweld van die God wie hulle geweier het om te glo. Op hierdie stadium is die genade tot bekering en vergifnis verby en die ergste van sy oordele lê nog voor. Vreeslik is dit om te val in die hand van die lewende God.[Hebreërs 10: 30-31]

Die vierde plaag maak die dag- en nagsiklus deurmekaar. As die son nie die mense skroei met sy hitte nie dan bly hy te lank weg en die donker en die koue tref hulle.[Openbaring 8: 12] Al het die humanistiese mens altyd ‘n oplossing vir sy eie lewe gehad, is daar geen oplossing vir die oordele van God nie.

Die vyfde plaag word dan bo-natuurlik deurdat die afgrond, waar sommige van die gevalle engele van die tyd van Noag gevange gehou was, oopgemaak gaan word en daardie duister hemelwesens stroom dan oor die aarde.[Openbaring 9: 1-11] Hierdie wesens is nie geeste nie, maar fisies. In die dae van Noag het hulle gemeenskap met mense gehad en by hulle kinders verwek. Daardie wesens is nou vir duisende jare opgesluit en kan nie wag om losgelaat te word nie. Hulle is egter boos en sadisties en

veroorsaak baie pyn en hartseer vir die bewoners van die aarde. Hulle beskadig nie die aarde of die natuur nie, maar pynig net die mense.

Hierdie wesens word wel deur Yahshua toegelaat om die bewoners van die aarde te pynig, maar hulle mag die mense nie doodmaak nie. Hierdie is 'n tyd wat die mense sal begeer om dood te gaan, maar die dood sal van hulle wegvlug. Niemand sal hierdie wesens kan ontvlug nie en die pyniging sal gaan tot op die hoogste vlak van die piramide-stelsel van die wêreld-orde se mense. Vir die van ons wat tans dink dat God nie in staat is tot sulke wraak nie, die ken Hom nie en dit is waarom Hy ons so waarsku om ons tot Hom te bekeer.

Nadat hierdie plae verby is, bedink die bewoners van die aarde 'n plan om van Yahshua ontslae te raak, want dit is duidelik dat Hy die vyand van die koninkryk van die aarde is. Hulle is nie gelowiges nie en ken Hom nie as die Almagtige nie, maar net as 'n mens wat verantwoordelik is vir al die pyn en lyding op die aarde.

Vir die bewoners van die aarde is daar net een manier om van Hom ontslae te raak en dit is om al hulle magte saam te vergader en teen Hom oorlog te maak. Hierdie oorlog is baie bekend aan ons, maar meeste mense plaas dit in 'n verkeerde tydvak. Dit is die slag van Armagéddon.[*Openbaring 16: 13-16*] Dit is nie 'n oorlog tussen China en Amerika, of Rusland en Israel nie, maar dit gebeur eers na die wederkoms wanneer al die magte van die aarde saam vergader om teen Yahshua oorlog te maak.

Vir die van ons wat weet wie Hy is, is die uitkoms van die oorlog vanselfsprekend, want wie kan teen Hom oorlog maak en Hom wen? Niemand nie, want Hy is die Almagtige, die Koning van die konings en die Here van die here.

Hierdie oorlog is die finale verbreking van die rebellie en opstandigheid van die mense teenoor Yahshua en hier vind die vervulling van die profete plaas, wanneer elke knieg voor Hom buig en elke tong bely dat Hy alleen Koning is oor die hele aarde.[*Romeine 14: 11*] Almal besef dat Hy die nuwe gesag op die aarde is en dat rebellie teen Hom, opeindig in die dood. Hierdie onderwerping aan Hom het nie verband met iemand se redding van sy siel nie, maar hierdie is 'n gedwonge onderwerping aan sy heerskappy vir die volgende duisend jaar.

Alle mense het hulle nou onderwerp aan die Koning, maar die "alsiende oog" van die piramide, die Satan, loop nog los rond en kyk wie hy weer kan opstandig maak, en daarom kom daar 'n sterk engel met 'n groot ketting wat hom bind en hom in dieselfde afgrond werp waar al die ander gevalle engele gehou word. Bo hom word dit verseël, sodat hy niemand kan verlei nie en ook nie sien wat buite gebeur nie, vir 'n duisend jaar lank. Hierdie is nie die hel nie, maar die doderyk.[*Openbaring 20: 1-3*]

Hierdie is die begin van die koninkryk van God op die aarde, die herstelde koninkryk, die koninkryk wat God aan Adam gegee het met die woorde; heers daaroor. Die eerste Adam het die koninkryk verloor, maar die tweede Adam, Yahshua self, is die Held wat die koninkryk kom terugvat by die vyand wat intussen beslag gelê het op dit. Die tweede Adam gaan dit dan ook herstel na wat God oorspronklik beplan het, hoe dit moes wees.

Omdat dit 'n vredesryk is, moet die bewoners van die aarde geleer word om in vrede te lewe. Hulle is almal nou onderworpe aan die gesag van Yahshua en omdat die Satan nie daar is om hulle te verlei nie, bedink hulle nie meer rebellie en oorlog nie. Almal word geleer om van hulle wapens pikke te maak en al die bewoners woon in vrede op die aarde, soos wat God dit oorspronklik bedoel het.[*Jesaja 2: 2-5, Miga 4: 1-5*]

Al die gelowiges wat met die koms van Yahshua Hom in die lug tegemoet gegaan het, word deur Hom as koning aangestel om saam met Hom te regeer oor die oppervlakte van die aarde.[*Openbaring 20: 4*]

Sommige van hulle word oor 'n stad aangestel, ander oor vyf stede en ander oor tien stede, afhangende van hulle ywer vir die koninkryk van God voor die koms van die Koning. Oor weinig was jy getrou, maar oor veel sal jy aangestel word.[Lukas 19: 11-27]

Nadat Adam gesondig het, het God die aarde vervloek en die gevolg was dorings en distels, droogte en oorstromings.[Génesis 3: 17-18, Romeine 8: 20-22] Nou is die aarde nie meer vervloek nie en die oorspronklike aarde, soos wat God dit geskape het, kan weer gebeur. In plaas dat die leeu die lam vreet, wei die twee saam, ja, die leeu eet strooi soos 'n bees. Die reën kom op sy tyd en die natuur word soos die paradys.[Jesaja 11, Jesaja 65: 17-25]

Al die nasies regeer oor hulle self, maar onderdanig aan die Koning in Jerusalem. Aanvanklik gaan al die nasies se verteenwoordigers na Jerusalem om die wet van die Koning te ontvang, want hulle wil in sy weë wandel en Hom behaag, anders straf Hy hulle. Gou leer hulle ook dat sy heerskappy voorspoed beteken en hulle gehoorsaamheid is nie meer uit dwang nie. Een enkele vrugteboom sorg vir 'n gesin en die mense word so oud soos die bome.

Hierdie tydperk is nie die ewige lewe nie, maar dit is die herstel-tydperk van die koninkryk van God op die aarde. Hoewel die aarde na duisend jaar volkome herstel het en alle gesag aan Yahshua onderwerp is, is daar nog onafgehandelde sake. Iewers in 'n put, 'n afgrond, die doderyk, is daar nog iemand, die Satan, opgesluit wat verantwoordelik was vir al die probleme op die aarde en sy lot moet nog bepaal word en hy moet nog geoordeel word.

Na die duisend jaar word die gevangenis van die Satan oopgemaak en vir die eerste keer sien hy wat op die aarde aangaan.[Openbaring 20: 7-10] Nadat hy die situasie goed bekyk het en sy opsommings gemaak het, gaan hy na al die nasies toe en verlei hulle om weer teen Yahshua te rebelleer. Net so maklik soos wat hy dit aan die begin reggekry het om Adam te mislei, net so maklik gaan hy dit weer regkry na die duisend jaar van totale vrede. Ons mag nooit die Satan se misleiding en verleiding onderskat in ons eie lewe nie; hy is die vader van die leuen en hy weet om ons ook te mislei.

Die hele wêreld word deur hom opgesweep en al die nasies begin die tog na Jerusalem om teen die Koning en sy volk oorlog te maak. Hierdie oorlog word deur Eségiël[38 en 39] en Openbaring[20: 7 - 10] beskryf as Gog en Magog. Volgens Openbaring gaan daar vuur uit die hemel van God kom, en al hierdie nasies verteer, maar Eségiël beskryf hierdie oorlog in twee volle hoofstukke. Nou is die nasies vernietig, maar die Satan is nog vry, maar dan word hy in die poel van vuur gegooi.

Die poel van vuur is die hel wat vir hom en sy engele gemaak is. Hier gaan hy 'n ewigheid wees en daar is geen uitkoms vir hom nie. Op hierdie stadium vergader al die mense wat ooit gelewe het voor die troon van God, hulle wat die dier en sy beeld aanbid het en al die mense wat hulle nie tot God bekeer het nie. Dit is die finale oordeel, die Wittroon-oordeel. Al die grafte gaan oop van die wat nie deel was van die eerste opstanding met die wederkoms nie, al die dooies uit die see en al die mense wat deur diere opgevreet was.

Die Regter gaan sit en die boeke word geopen en elke mens word geoordeel volgens sy werke en as dit bevind word dat iemand se naam nie in die boek van die lewe is nie, word hy saam met die Satan in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood en die finale bestemming vir hulle wat nie in God se Woord geglo het nie en hulle nie tot Hom bekeer het nie.[Openbaring 20: 11- 15]

Niks van hierdie gebeure was deel van God se skeppingsplan nie, maar omdat Adam God se Woord nie geglo het nie, het die skepping verval in chaos en hartseer, soos wat ons dit vandag ken. Omdat ons egter geen alternatief ken nie, is ons dit gewoond en aanvaar dit as normaal. Wanneer die

duisend jaar-sukses verby is en die sirkel voltooi is, dan sal die Seun die skepping teruggee aan die Vader en dan sal die Vader alles en in almal wees.[*1 Korinthiërs 15: 24-28*]

Na seweduisend jaar sien Johannes ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde en die see wat ons ken, het verdwyn.[*Openbaring 21: 1-4*]

Dan daal die nuwe Jerusalem uit die hemel neer, die stad wat nie met mensehande gemaak is nie, die volmaakte ewigheid. Hiervan kan ons deel hê, of van die hel as ewigheid, die keuse is nog tot ons beskikking. ‘n Ewigheid saam met die volmaakte Skepper wat altyd nuwe hemele skep, waarheen ons genooi word as kinders van God en konings saam met die Koning, of ‘n ewigheid van God verwyder in hel.

Die hel is ‘n plek wat van God verlate is. God is goed en alle goedheid kom uit Hom uit, daar is geen ander bron van goedheid nie. ‘n Plek wat Godverlate is, het geen goedheid nie, maar net dit wat sleg is. Pyn, hartseer, smart, selfverwyt, eensaamheid, agterdog, bedrog ens. Die hel is soos ‘n nagmerrie. Jy word bewus van jou omgewing, maar jy is onseker hoe jy daar gekom het en waar dit is, dan word jy bewus van al die pyn en smart en jy wens jy kan net wakker word uit die nagmerrie, maar jy kan nie. Jy is heeltemal by jou bewussyn, maar alle ervarings is sleg, jy wens dat dit verbygaan, maar dit gaan nooit verby nie, jy roep na God vir genade en verlossing van die aaklige plek, maar die plek is Godverlate, Hy hoor jou nie. Dan begin jy jouself verwyt dat jy nie ag gegee het op sy Woord nie, dit nie belangriker geag het nie, jou minder aan mense se opinies en verklarings van die Bybel gesteur het en self gesoek en gebid het nie, maar dan is dit te laat, ‘n ewigheid lank.

As jy hierdie kan lees, is jy nog aan hierdie kant van die dood en jy het nog ‘n invloed op jou ewige bestemming. Jy is nog in die tyd van genade, maar jy moet dit met die uiterste respek en waardering hanteer. Moenie toelaat dat jou besluit deur ander mense geneem word nie, dat hulle namens jou besluit wat God se Woord is nie. Werk jou eie heil uit met vrees en bewing.

Ons is verplig om te laat staan wat ons beplan het, sodat ons kan ontvang wat vir ons beplan is.